13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12-14

# Die kloof tussen geloof en ongeloof

Staan jy in Namibië by die Visrivier Canyon, staan jy voor een van die wonders van die Here se skepping. 'n Reuse kloof lê voor jou wat menslik gesproke onmoontlik is om met net jou liggaam oor te kom. Daar is al van hierdie beeld gebruik gemaak om die kloof wat daar tussen gelowiges en ongelowiges is, te beskryf.

Paulus beskryf vir ons dat hy op 'n stadium van sy lewe aan die een kant van die kloof gestaan het. Hy het Jesus Christus aan daardie kant van die kloof belaster, vervolg en beledig (vs 13a). Hoe baie mense is nog vasgevang aan die ander kant van die kloof? Hoe baie mense is nog vasgevang in die onkunde waarvan Paulus praat (vs 13b)? Maar daar moet iets bonatuurliks gebeur, sodat 'n geloofsprong gemaak kan word. En hierdie bonatuurlike iets wat moet gebeur, beskryf Paulus vir ons in die teks.

Christus het in hom begin werk (vs 12) en hom in sy diens gestel. Hy kon deur Christus se krag aan die ander kant van die kloof gaan staan. En daarom kan hy bely dat die Here hom oorlaai het met genade, geloof en liefde. Wanneer jy vandag hierdie dagstukkie lees, aan watter kant van die kloof staan jy? Maak nie saak watter kant jy staan nie, dit verander nie dat die Here se Woord vir ons sê dat Christus Jesus in hierdie wêreld gekom het om sondaars te verlos nie.

Maar om werklik te kan sê ek is 'n sondaar, kan net gebeur as die Here jou oor die kloof van ongeloof na geloof geneem het. Alleen Hy kan ons bring by die belydenis wat Paulus in vers 17 maak. Alleen in Christus kan ons besef dat Hy die ewige Koning van my lewe is. My eer en status is nie meer belangrik nie, maar aan God kom al die eer en heerlikheid toe. En hierdie belydenis bepaal my hele lewe. En dit bly die grootste wonderwerk van almal.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds W van den Heever (Rietvallei)